

Untitled Document

Engelse onderdane was só emosioneel die josie in toe Brittanje, ná die slag van Majuba, Transvaal teruggee aan die Boere, dat hulle formeel 'n begrafnis vir die Union Jack gehou het.

Vreemder verskynsels as 'n kamma-begrafnis vir 'n vlag het seker al in Pretoria gebeur. Maar as dié begrafnis knap op die hakke van 'n skynhofspraak, wat sy oorsprong in 'n hotelkroeg blyk te gehad het, volg . . . wel, dan is dit geen wonder dat ons bykans 130 jaar daarna nog in verwondering na die foto van die kamma-grafsteen staar nie.



Dié foto van die 'begrafnis' van die Britse vlag is op 3 Augustus 1881 geneem

Foto: SP Engelbrecht se 'Eeufees-Album. Pretoria se eerste eeu in beeld'

Ongelukkig het daar geen foto's behoue gebly van dit wat die dag ná die begrafnis gebeur het nie. Die graf is leeg gevind en die kis het halfmas aan die vlagpaal naby die Telegraafkantoor gehang.

In haar Ou Pretoria Nuusbrief, vertel Rosa Swanepoel dat sy oor die jare in verskeie boeke dieselfde foto gesien het van die Engelse vlag wat in Pretoria begrawe word. "Verdere inligting oor die gebeure was eger tot onlangs maar skraal, tot ek begin het om die ou koerante van 1881 te lees," sê Rosa.

Waarop Rosa afgekom het, is die volgende: Die jaar is 1881. Dit is drie-uur Woensdagmiddag 3 Augustus en 'n groep woedende Britse onderdane vergader op Kerkplein. Die vorige aand is 'n skyn-hofspraak in die European Hotel gehou waar Gladstone ter dood veroordeel is en daar besluit is om die Britse vlag te begrawe.



'n Skets van die eerste foto

Foto: AP Cartwright & N Cowan se 'The old Transvaal 1834-1899'

Die mense op Kerkplein wag vir 'n lykwa en die nekke rek om oor mekaar se skouers te sien toe dié wa, getrek deur twee perde wat met swart doeke bedek is, nader kom.

Binne-in die lykwa is die kis met die Britse vlag en bo-op die kis is 'n kransie van lemoenbloeisels. Voor die lykwa loop twee mense wat die grafsteen dra en 'n groot aantal toeskouers volg die stoet in Kerkstraat af.

Uit Kerkstraat draai die stoet op in Andriesstraat en beweeg na "Government House" op die hoek van Andries- en Schoemanstraat. Daar is 'n graf van twee voet diep en twee en 'n half voet lank gegrawe.

Die persoon wat die grafrede lewer sê dat slegs die Engelse vlag begrawe word en nie die eer van Engeland nie. Die oortuiging word uitgespreek dat dit nou voorspoedig sal gaan in Transvaal en dat alle tweespalt tussen Boer en Brit saam met die vlag begrawe sal word. Dis nogal ironies om te dink dat dié woorde gesprek is voor die Tweede Vryheidsoorlog uitgebreek het.

Britse onderdane is gewaarborg dat Transvaal nooit weer terug gegee sal word aan die Zuid-Afrikaanse Republiek nie. Tog, na die slag van Majuba op 27 Februarie 1881, het die Britse regering van plan verander en Transvaal terug gegee. Die Boere se oorwinning by Majuba het gelei na die ondertekening van 'n vredesverdrag en later die Pretoria Konvensie tussen die Britte en die Zuid-Afrikaanse Republiek, wat die Eerste Vryheidsoorlog beëindig het.



Rosa Swanepoel het dié foto van die grafsteen 'n paar jaar gelede by 'n pandjieswinkel raakgeloop. Die fotograaf was Robertson, wat in Pretoria begin werk het as assistent vir Gros. Hy het later,

in 1890, Gros se ateljee oorgeneem.</p> <p> Die Britte in Pretoria het gevoel dat hul verraai is deur hul regering. Dis dié dat hulle die Britse vlag so plegtig gaan begrawe het. Die opskrif van die grafsteen het as volg gelui: “In memory of the British Flag in the Transvaal, which departed this life August 3rd, 1881, aged 4 years. In other Climes none knew thee but to love thee. Resurgam.”</p><p>Vir meer inligting oor Ou Pretoria, kontak Rosa Swanepoel by rosa.s@absamail.co.za.</p></td> </tr> </table>